

Voorlopers



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Daniël 2:31–45; Daniël 3:1–12, 17, 18; Openbaring 13:11–17; Romeine 1:18–25; Handeling 12:1–17; Mattheüs 12:9–14.

Geheueteks: “Want God het ons nie ’n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.” (II Timótheüs 1:7)

Hierdie week gaan ons na nog twee Bybelverhale kyk wat die eindtydgebeure uitvoerig voorafskadu. Eerstens gaan ons die vertelling van Sadrag, Mesag en Abednégo ondersoek wat duidelik sinspeel op die tonele wat in Openbaring 13 uitgebeeld word. Dan gaan ons na die Nuwe Testament waar ons vind dat die ondervinding van die vroeë Christene ons ook kan help om te verstaan wat om tussen nou en die wederkoms van Christus te verwag.

Beide voorbeelde beklemtoon merkwaardige dapperheid en verskaf toegang tot vrede in die gemoed te midde van die moeilikste omstandighede.

Jesus het oor en oor gesê, “moenie vrees nie”, en “hoekom pla jou gedagtes jou”? Dit is belangrik om te onthou dat profesie op Christus fokus, en dus *moet* ons in staat wees om dieselfde raad in al die eindtydtonale wat uitgebeeld word, te vind. “‘Laat julle hart nie ontsteld word nie’”, het Hy sy dissipels geleer, “‘glo in God, glo ook in My’”. (Johannes 14:1).

Met ander woorde, ja, die eindtydgebeure gaan moeilik en inspannend wees vir hulle wat poog om getrou aan God te bly, maar uiteindelik moet ons hierdie gebeurtenisse hoopvol benader, en nie met vrees nie.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 21 Junie.*

Daniël 2 en die geskiedkundige benadering tot profesie

Een van die mees kragtige profesieë in die hele Skrif is Daniël 2 wat meer as vyfhonderd jaar voor Christus se vleeswording geskryf was. Die profeet het die wêreld se geskiedenis vanaf sy eie tyd in Babilon voorspel, daarna Medo-Persië wat daarop volg, dan Griekeland en daarna Rome en die ontbinding van Rome wat tot die nasies van die moderne Europa gelei het soos wat hulle vandag bestaan.

Een van die teksverse verwys inderdaad na hierdie Europese nasies en sê dat “‘hulle deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng [sal] raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie’ ” (*Daniël 2:43*). Hierdie profesie was verbasend net so vervul. Dit wil sê, ten spyte van allerhande ondertrouery tussen die mense (prinse sowel as die gepeupel), het hierdie nasies verdeeld gebly.

Byvoorbeeld, die Britse monargie word die Huis van Windsor (House of Windsor) genoem, ’n mooi Engelse naam. Maar, daardie naam het eers redelik onlangs ontstaan – eers in 1917. Voor dit het hierdie familie bekend gestaan as Saxe-Coburg-Gotha, ’n vernaam Duitse naam, want baie van die Britse koningshuis het deur “menslike gemeenskap” onder mekaar vermeng geraak, en was bloedverwante van die Duitsers. Maar, daardie bloedverwantskap was nie genoeg om hulle van oorlog met mekaar te weerhou nie, en so het hulle gedurende die tweede wêreld oorlog hulle naam na die Huis van Windsor verander om hulle van hulle gehate vyande te distansieer.

Lees Daniël 2:31–45. Wat het Nebukadnésar gedroom, en hoe het Daniël dit geïnterpreteer?

Die apokaliptiese profesieë in Daniël bou almal voort op die grondslag wat in Daniël 2 gelê word. Dit wil sê, die res van hierdie profesieë, soos Daniël 2, volg die opeenvolging van een wêreldryk na die ander totdat God sy ewige koninkryk gaan oprig (*lees Daniël 2:44; Daniël 7:13, 14*). Met ander woorde, die profesieë volg die geskiedenis in ’n onafgebroke volgorde van wêreldryke vanaf die vroegste tye tot in die toekoms, selfs tot en met ons tyd. Hierdie is die historiese benadering om profesie te interpreteer en is soos die Bybel dit vereis. Hierdie historiese benadering is uiters belangrik om eindtydgebeure te kan verstaan, veral soos wat dit in die boek van Openbaring uitgebeeld word.

Hoe bewys Daniël 2 aan ons dat God nie net die toekoms ken nie, maar dat Hy uiteindelik in beheer daarvan sal wees?

Aanbidding van die beeld

Hoeveel Nebukadnésar ook al beïndruk was met wat Daniël en sy God gedoen het (*lees Daniël 2, veral verse 46-48*), was dit nie 'n blywende gevoel nie.

Lees Daniël 3:1–12. Wat is belangrik omtrent die feit dat die beeld heeltemal van goud gemaak was, en dat die koning beveel het dat dit aanbid moes word?

Die koning het God getart en dit beklemtoon met die oprigting van 'n beeld wat *heeltemal* van goud gemaak was. Wat was sy boodskap? Babilon sal nooit val nie, en Nebukadnésar sal altyd as koning regeer. En enigiemand wat sou waag om sy plan teen te werk, sou doodgemaak word. Dit dien as 'n kragtige les vir ons dat ons menslike begeerte vir selfbeskikking ons vinnig vir die waarheid oor hoe die groot stryd uiteindelik tot 'n einde sal kom, kan verblind.

Nebukadnésar se karakter stem op een of ander manier met Lucifer s'n ooreen: hy was ambisieus, vol van homself en hoogmoedig genoeg om openlik teen God se outoriteit te rebelleer. In ander opsigte is daar natuurlik opvallende verskille: Nebukadnésar het uiteindelik gelowig geword en die ware God aanbid, en dit is heel moontlik dat ons hom in die koninkryk wat hy oorspronklik uitgedaag het, sal sien.

Lees in Daniël 3:17, 18 die woorde van die drie Hebreeuse seuns toe hulle die koning trotseer het. Wat leer dit ons oor geloof, en wat dit soms van ons kan vereis?

Dink daaraan hoe maklik hierdie drie manne hulle uit hierdie gevaarlike situasie kon gerasionaliseer het. Per slot van rekening, was hulle nie dalk fanaties nie, gewillig om lewend verbrand te word oor iets soos om neer te buig? Kon hulle dit nie net nagemaak het deur te buig om hulle skoenveters vas te maak terwyl hulle tot hulle eie God gebid het nie? Was dit regtig die moeite werd as jy dink aan wat op hulle gewag het? Hulle het natuurlik gedink dat dit die moeite werd was, selfs al het hulle woorde getoon dat hulle geweet het dat hulle nie met hulle lewens daarvan sou afkom nie.

Hoe kan ons die maklike rasionaliserings vermy wat aan ons voorgehou word om ons geloof te kompromitteer? Wat sê die volgende vers wat 'n soortgelyke versoeking aanspreek: “ ‘Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig’ ”(Lukas 16:10)?

Om die beeld weer te aanbid

Bybelstudente het al lankal die verband tussen Daniël 3 en wat Openbaring oor eindtydgebeure leer, gesien. En met goeie gevolge ook, want Daniël 3 – met die bevel om “die beeld te aanbid” of doodgemaak te word (*Daniël 3:15*) — weerspieël wat Openbaring oor die bevel om ’n ander beeld te aanbid of doodgemaak te word, leer. “En dit is hom gegee om ’n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie” (*Openbaring 13:15*).

Lees Openbaring 13:11–17; Openbaring 14:9, 11 en 12; Openbaring 16:2; Openbaring 19:20; en Openbaring 20:4. Watter kontras word hier gevind wat die gebooie van God en die gebooie van die mens teen mekaar stel?

God se volk word geroep om te aanbid, “ ‘Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het,’ ” die Skepper teenoor die dier en sy beeld. Die drie Hebreeuse seuns wat voor ’n soortgelyke dreigement te staan gekom het, het geweier om enigiets anders as dieselfde Skepper God te aanbid. Daarom, hoe verskillend ook al die omstandighede was tussen wat op die plein van Dura gebeur het toe daar bevel was om die beeld i.p.v. die Skepper te aanbid, en wat wêreldwyd sal gebeur met die oproep om die beeld i.p.v. die Skepper te aanbid – die beginsel bly dieselfde.

Lees Romeine 1:18–25. (Let op na die ooreenkoms tussen Romeine 1:18 en Openbaring 14:9, 10 m.b.t. die “grimmigheid van God”.) Op watter manier dan is die kwessie oor aanbidding van die beeld net ’n ander manifestasie van dieselfde beginsel, naamlik aan wie die mens uiteindelik onderdanig gaan wees?

Aanbidding beteken nie noodwendig om te kniel en wierook te offer nie, hoewel dit so kan wees. Ons aanbid dit waaraan ons hoogste trou behoort. As jy dink oor wie God is, ons Skepper en — wat Hy vir ons gedoen het deur Jesus — ons Verlosser ook, dan moet Hy natuurlik alleen aanbid word. Enigiets anders is afgodery. Dalk help dit om Jesus se harde woorde hier te verduidelik: “ ‘Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi’ ” (*Matthéüs 12:30*). Die eindtydgebeurtenisse gaan doodeenvoudig ’n dramatiese manifestasie van hierdie waarheid wees.

Vervolging van die vroeë kerk

Dis nie net die Ou Testament wat aan ons tipes oor die eindtydgebeure gee nie, maar ook die Nuwe Testament. Die lewe was nie maklik vir die Christene van die eerste eeu nie. Hulle was aanvanklik deur baie van hulle mede-godsdienstrywers gehaat wat hulle as 'n bedreiging vir die geloof in Moses beskou het. Hulle moes ook die gramskap van die heidense Romeinse Ryk trotseer. “Die magte van die aarde en die hel het teen Christus opgetree deur Sy navolgers te vervolg. Paganisme het besef dat as die evangelie die oorwinning sou behaal, sy tempels en altare vernietig sou word; daarom het hy al sy kragte aangemonster om die Christendom te vernietig. Die vuur van vervolging is aangesteek.” — Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 39.

Daar is 'n verhaal in die boek van Handeling wat nogal kragtig demonstreer wat God se volk kan verwag terwyl ons op koers is na wat in Openbaring 13 beskryf word.

Lees Handeling 12:1–17. Watter elemente van hierdie verhaal kan 'n voorafskaduw- ing van die eindtydgebeure wees?

Jakobus was onthoof, en Petrus sou volgende wees; Christene was met die dood gedreig. Een van die mees merkwaardige oopspunte van hierdie verhaal kan in die feit gevind word dat Petrus so vas *geslaap* het gedurende die nag wat eintlik een van die ergste nagte in sy lewe behoort te gewees het — hy het so vas geslaap dat die engel hom moes skud om hom wakker te kry!

Petrus was natuurlik wonderbaarlik vrygestel of bevry, en het toe na 'n vergadering van die gelowiges gegaan. Laasgenoemde het dit moeilik gevind om te glo dat hy werklik vry was, selfs al het hulle daarvoor gebid. Die Bybel sê hulle was *verbaas* — wat ons laat wonder hoe dikwels ons bid en dan skaars durf glo dat God ons werklik sal verhoor.

Sommige gelowiges was gespaar, ander was doodgemaak. Terwyl ons die eindtyd nader, sal dieselfde weer gebeur. Selfs Petrus, wat toe gespaar was, het uiteindelik vir sy geloof gesterf. Jesus het self aan hom gesê hoe dit sou gebeur: “ ‘Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, toe jy jonger was, het jy jouself gegord en rondgegaan waar jy wou; maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek, en 'n ander een sal jou gord en bring waar jy nie wil wees nie.’ En dit het Hy gesê om aan te dui deur hoedanige dood hy God sou verheerlik; en toe Hy dit gespreek het, sê Hy vir hom: ‘Volg My’ ” (*Johannes 21:18, 19*).

Let op dat Jesus, nadat Hy aan Petrus gesê het hoe hy sou sterf, nogtans steeds vir hom sê, “ ‘Volg My.’ ” Wat behoort dit aan ons te sê oor waarom selfs 'n doodsdreigement ons nie behoort te weerhou om die Here te volg nie?

Die merk van die dier

Soos wat die jare verbygegaan het, en eindtydgebeure soos doodsdreigemente en die toepassing van die merk van die dier nog nie gebeur het nie, het sommige hulle twyfel uitgespreek en selfs skeptisisme getoon oor ons Adventiste se interpretasie van die eindtydgebeure wat die Sabbat insluit, en oor hoe Sondag 'n sentrale rol in die eindtydbotsing gaan speel.

Die boek van Openbaring is duidelik: ons aanbid òf die Skepper òf die dier en sy beeld. En omdat die sewende dag, die Sabbat, die fondament — wat teruggaan tot in Eden (*lees Génesis 2:1–3*) — van God as die Skepper is, behoort dit nie as 'n verrassing te kom dat wanneer 'n kwessie ontstaan soos om die Skepper te aanbid, die Sabbat nie die middelpunt sal wees nie. Ook, is dit nie toevallig dat die dier dieselfde mag is wat die bybelse Sabbat na Sondag verander het nie, en wat natuurlik nie deur die Bybel goedgekeur word nie. Met hierdie agtergrond in gedagte, maak die gedagte oor Sabbat en Sondag se betrokkenheid in die aanbidding — van òf die Skepper (*lees Openbaring 14:6, 7*) òf die dier — goeie sin. En so kry ons in die Nuwe Testament 'n tipe van die vraagstuk oor die sewendedag as die Sabbat teenoor 'n menslike wet.

Lees die volgende verse: (Matthéüs 12:9–14 en Johannes 5:1–16). Watter vraagstuk het veroorsaak dat die godsdienstige leiers Jesus wou doodmaak?

In Matthéüs 12, nadat Jesus op die Sabbat die man met 'n verdorde hand genees het (*Matthéüs 12:9–13*), hoe het die godsdienstleiers gereageer? “Daarop het die Fariseërs uitgegaan en saam raad gehou teen Hom, sodat hulle Hom sou kan ombring” (*Matthéüs 12:14*). *Die dood weens die sewendedag-Sabbat?* In Johannes 5:1–16, na 'n ander wonderwerk-genesingsdaad op die sewende dag, het die leiers “Jesus vervolg en probeer om Hom dood te maak, omdat Hy dit op die sabbat gedoen het” (*Johannes 5:16*).

Die dood weens menslike tradisie as gevolg van die sewendedag-Sabbat? (In die Bybel was gesondmaking op die Sabbat nie verbied nie, net soos daar niks in die Bybel gesê word wat Sondag in die plek van die Sabbat plaas nie.) Hoewel die spesifieke vraagstuk hier met Jesus nie te doen gehad het met eindtydgebeure nie, is dit naby genoeg: menslike wette teenoor God se wet, en in beide sentreer die bestrede wet rondom die bybelse Sabbat.

Om dood gemaak te word oor een van God se gebooië? Hoe kan jy jouself maklik uit hierdie situasie rasionaliseer?

Vir verdere studie: Lees Ellen G. White, “Gods volk verlos,” bl. 635–652, in die *Die Groot Stryd*.

“Deur die eeue heen het God deur heilige engele gewerk vir die bewaring en verlossing van Sy volk. Hemelse wesens het ’n aktiewe rol in menslike sake gespeel. Hulle het verskyn in klere wat blink soos die weerlig; hulle het gekom in die vorm van manne geklee as reisigers. Engele het in menslike gedaante verskyn aan die kinders van God. Hulle het soos mense wat moeg is in die middagkoelte van akkerbome gerus. Hulle het die gasvryheid van mense aangeneem. Hulle het opgetree as gidse vir verdwaalde reisigers. Met hulle eie hande het hulle die vuur op die altaar aangesteek. Hulle het die deure van gevangenis oopgemaak en Gods diensknegte vrygestel. In die gewaad van die hemel het hulle gekom om die klip voor die Heiland se graf weg te rol.

“In die vorm van mense verskyn engele dikwels op die byeenkomste van die regverdiges, ook besoek hulle vergaderings van die goddelose, soos byvoorbeeld toe hulle na Sodom gegaan het om aantekeninge te maak van die Sodomiete se dade, ten einde vas te stel of hulle die grens van Gods verdraagsaamheid oorskry het. Die Here het behae in genade en vir die ontwil van die paar wat Hom in opregtheid dien, hou Hy rampe terug en Hy laat die vrede van die menigtes voortduur. Hoe min besef sondaars dat hulle hulle eie lewens te danke het aan die paar getroues wat hulle so graag bespot en verdruk!” — Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 631-632.

Vrae vir bespreking:

- ❶ Lees II Timótheüs 1:7. Bespreek die dinge in die profesieë wat jou die meeste pla. Hoe kan ons van ’n gees van vrees ontslae raak en hoop vind in God se boodskap van hoop te midde van die profesieë wat oor vervolging weens ons geloof praat?
- ❷ Hoewel dit nou moeilik mag wees om te sien hoe die Sabbat en Sondagkewessie in die eindtydgebeure op die voorgrond sal tree, kyk maar net hoe vinnig die wêreld kan verander. Wat behoort hierdie waarheid ons te leer oor om nie ons geloof op huidige gebeure wat in ’n oomblik kan verander, te plaas nie, maar alleenlik op die geopenbaarde Woord van God?
- ❸ Dink na oor Daniël 2 (en selfs hoofstuk 7). Al die koninkryke het gekom en gegaan net soos dit voorspel was. Vandag, as ons terugkyk na die geskiedenis, kan ons sien dat dit net soos dit voorspel was, gebeur het. Vanuit ons perspektief vandag, moet nog net een koninkryk tot stand kom. Watter een is dit, en waarom kan ons verseker wees dat dit so sal gebeur en inderdaad net soos dit voorspel was?